Inhoud

Voorwoord i

Inleiding 1
1. Geskiedenis van die dagboek 1
2. Tregardt, sy gesin en sy doen en late voor die Groot Trek . . . 4
3. Tregardt en sy trekgenote. 8
4. Van Rensburg en Tregardt op die trekpad. 11
5. Vertalingsuitgangspunte en redaksionele oorwegings. 14
6. Verklarende woordelys. 19
7. Dramatis personae 25

Die dagboek 29
1. Soutpansbergreeks 1836. 29
2. Soutpansbergreeks 1 Januarie–22 Augustus 1837 47
3. Van Soutpansbergreeks tot Olifantsrivierpoort, 23 Augustus–6 November 1837 142
4. Die trek oor die berg, 7 November 1837–26 Januarie 1838 . . 190
5. Oor die Laeveld na Delagoabaai, 27 Januarie–13 April 1838 . 227
6. Delagoabaai, 13 April–1 Mei 1838 265

Nasleep: Van Delagoabaai na Natal 281

Bronne. 286

Louis Tregardt nuutste 2.indd 7 9/12/13 2:56 PM

Voorwoord

Louis Tregardt – dit is hoe hy self sy van gespel het – was die enigste Voortrekkerleier wat dagboek gehou het van sy trek. Hierdie dagboek is veel meer as 'n blote verslag van daaglikse trekskofte, gebeure en/of terugslae. Dit voer die leser mee tot in die harte en siele van 'n handjievol pioniers uit die Groot Trek-era. Dit vertel, soos geen ander geskrif uit daardie jare nie, van hierdie mense van vlees en bloed se passie, drome, frustrasies, verwagtinge, en hulle verpletterende teleurstellings.

Tregardt openbaar hom in sy dagboek as 'n fyn waarnemer, 'n skerpsinnige mensekenner en 'n keurige skrywer. Hy vertel vir ons van sy aggressiewe en gewelddadige oudste seun, Carolus, wat selfs een keer sy eie vrou te lyf wou gaan; van sy immerbetroubare tweede seun, Pieta, wat duidelik sy gunsteling is; van sy agterbakse trekgenoot, Jan Pretorius, wat in sy voortvarendheid nooit huiwer om al sy trekgenote gruwelik in die steek te laat nie, maar tog die enigste man is met wie Tregardt 'n ordentlike gesprek kon voer; van die eenvoudige Hannes Strijdom, wat nie eens geweet het in watter jaar hy getroud of hoe oud sy kinders was nie; van die hopelose jagter en sukkelende ystersmid, Hendrik Botha, twaalf jaar jonger as Tregardt, maar na wie hy deurentyd as "ouwe Botha" verwys; en van die Fransman Izak Albach, wat spog dat hy 'n hoefsmid in Napoleon Bonaparte se weermag was, maar met wie Tregardt gedurig goedig spot, veral oor sy eienaardige manier van praat.

Tregardt vertel voorts van die vroue op die trek – sy eie Martha, vir wie hy die wêreld se respek het en wat sy sielsgenoot was; van die weduwee Antjie Scheepers, wat 'n reguit pad geloop en nooit gehuiwer het om die roede in te lê as haar kinders na haar mening straf verdien het nie; van die bakleiery tussen die meisiekinders oor wie kwansuis die mooiste is; en van gevegte tussen die seuns oor dieselfde meisies. Dit is opmerklik dat hy nie huiwer om die kru taal wat hulle – en hy self – soms gebesig het, sonder om te blik of te bloos in sy dagboek aan te teken nie. Vir ons dui dit moontlik daarop dat daardie woorde nie destyds as kru taal geag is nie.

Hy vertel as beesboer van weidingstoestande, weersomstandighede en veesiektes. Die geskrif bevat unieke inligting oor die fauna en flora van die gebiede op die stadium toe hy daardeur getrek het, onder andere die verspreiding van soogdiere, voëls en insekte, in die besonder die gevaarlike

Louis Tregardt nuutste 2.indd 1 9/12/13 2:56 PM

een, twee of drie treë van ons vuur verby en sê niks buiten goeienaand nie. Ek het gesit en wag dat hy vir ons sou kom vertel, maar toe dit donker was, weet ek nog niks nie. Ek het [toe] na Louw gegaan.

Louw sê dat ons met die rivier kan afgaan, maar ons sal moet pad maak. Hulle was omtrent ses skofte vir ons vee vêr gewees en was nog nie deur al die berge waar die rivier deurloop nie. Die laaste berg wat hulle gesien het waar die rivier deurloop lyk of dit die laaste kan wees. Hy sê dat die poort vir hom [baie] nou gelyk het.[541]

Ek vra hom of hulle geen wild gesien het nie. Hy sê dat hulle 'n groot trop buffels gekry het, maar Carolus was bang om te skiet; hy het geen plek om weg te kom as die buffels op hulle sou afstorm nie.

Ek vra of hulle iets geskiet het. Hy sê dat Carolus twee ganse en 'n rooibokram geskiet het, en 'n streepkruiskoedoe[542] gekwes en 'n rooibokram ook gekwes het.

Ek vra na die gras. Hy sê dat die veld so mooi is waar hulle omgedraai het en dat dit nog altyd mooier word.

Die trek deur die Witrivierspoort. (Skildery van W.H. Coetzer – MuseuMAfricA, vroeër Africana Museum, Johannesburg.)

541 Volgens Punt, *Trichardt se laaste skof*, p 84, moes hulle tot ongeveer die gebied waar die Steelpoortrivier in die Olifantsrivier loop, verken het, van waar hulle volgens Louw Albach se erkenning nog nie die hele poort deur is nie.

542 Waarskynlik 'n njala.

Louis Tregardt nuutste 2.indd 184 9/12/13 2:56 PM

kom en uitgespan het, gaan ons kyk hoe die water was. Ons wou die dag nog die vee en waens deurbring; maar met die beeste [se deurgaan] sien ons dat dit te lank sou duur om al die skape deur te bring. Ons het die beeste weer terug laat haal en die aand gebly. Die kaptein het met ons saamgegaan tot by die drif. Hy wou die aand huis toe gaan; die volk wou dit nie hê nie, want hulle wou reën hê: hulle mielies verdroog en dit sou nie reën voordat ons deur die rivier getrek het nie. Hy moes bly tot ons die volgende dag deur die rivier was; hy laat hom voorsê.

19 Februarie Maandag. Ons het die vee en die waens veilig deurgebring; dit was te laat om verder te trek; ons het voor die drif gebly.[632] Toe die vee en waens deur was, laat hy [aan] my sê dat hy huis toe gaan; ek sê van ja; dat ons nou klaar was. Ek gee hom 'n skaap en aan sy volk ook een. Hy het 50 man by hom.

20 Februarie Dinsdag. Die oggend kom 'n kapteinseun met 'n mooi olifanttand vir my en sê dat sy vader dood is; dat sy moeder dit vir my stuur. Hy was vergesel van die raadsvolk van die kaptein. Hy sê dat sy moeder self met my sal praat as ek naby haar plek kom. Ek sê dat dit goed is; dat ek verheug is as ek goeie mense op die weg aantref, en gee hom 'n skaap vir hom en sy volk [om] te slag.

Van die rivier Omta af het ons getrek tot aan die rivier Mabeti.[633] Aan die oorkant is daar 'n woonplek [van swartes].

21 Februarie Woensdag. Ons het getrek tot verby die hoek van die berg,[634] langs 'n klein riviertjie wat staande water het.[635] Ek vra aan die padwyser waar die water vir die vee is. Hy was verbaas en loop op die rivier af. Hy kom sê dat daar vir ons en vir die vee 'n entjie verder ook water is.

Hy stuur 'n swart man na die vrou wat daar die kaptein is om vir hom iets te ete te gaan haal en die swart man moes roep as hy in die donker terugkom. Teen agt- of nege-uur die aand roep hy. Ek stuur vir Antonie om hom te gaan haal. Daar was vyf [mans] saam met hom. Ek vra waarom hy soveel [mans]

632 Volgens Punt, *Trichardt se laaste skof*, p 92, was dit op die latere plaas Moriah 100.
633 Volgens Preller (*Dagboek* 1938, p 276, voetnoot 113) was dit later bekend as Brakspruit. Punt, *Trichardt se laaste skof*, p 92, skryf dit was die Rietspruit en hulle het op die latere plaas Antioch 368 uitgespan. Fuller, *Louis Trigardt's trek*, pp 116, 120, skryf ook dit was die Rietspruit, wat in die 1920's daar rond as die Ngwabetispruit bekend was.
634 Volgens Fuller, *Louis Trigardt's trek*, p 116, bedoel Tregardt Mariepskop.
635 Onidentifiseerbaar.

Louis Tregardt nuutste 2.indd 240 9/12/13 2:56 PM